

22 September

Skrifgedeelte: Jeremia 48:20-47

Fokusgedeelte: Jeremia 48:31,32,36,47

Om wyn met hartseer oor te gooi

Die proses van wyn oorgooi is volgens Jeremia 48:11,12 'n beeld van beproewing en loutering vir God se verbondsvolk, maar tegelykertyd 'n beeld van oordeel vir 'n heidenvolk soos Moab. Wanneer die Here aankondig dat Hy in die toekoms na Moab "mense stuur wat wyn uitgooi", wag 'n ontsettende ramp op daardie volk en sy afgode. Op 'n digterlike wyse beskryf die profeet die afgryslieke gebeure. Dit is 'n toneel van oorlogsgeweld. Mense vlug angsbevange voor die verwoester uit (vers 32-33): "Die verwoester sak toe op jou vrugte en jou druiwe. Vreugde en gejuig het verdwyn uit die vrugteboorde en uit Moab ..." Dit is 'n scenario van mense wat oral loop en huil; van soldate wat so bang soos vasgekeerde vrouens is. Die volk van die afgod Kemos gaan onder. Dit is die Here self wat Moab met hierdie straf breek, "soos 'n kleipot wat niemand wil hê nie" (vers 38).

Wat is die rede vir so 'n vernietigende oordeel? Dit is die baie ernstige en Godonterende sondes. In vers 26 lees ons: "Moab het hom groot gehou teen die Here ..." Hy was vermetel, verwaand, trots, selfvoldaan ... 'n volk met 'n "opperste hoogmoed" (vers 29). Hy het Israel, God se verbondsvolk, gespot. Met so 'n klagstaat teen hom verdien Moab inderdaad dubbel en dwars die regverdige straf van die heilige God! Tog is die gesindheid waarmee die Here hierdie straf uitvoer, hoogs merkwaardig. Dit moet die eerste hoorders van hierdie onheilsprofesie seker al laat regop sit het. Dit moet my en jou vandag definitief en dringend laat vra: Het ek nie dalk 'n verkeerde gedagte oor die strawwende God nie? Beleef ek Hom nie miskien dikwels as 'n "onregverdige tiran" nie? Sien ek dit nie soms só nie dat deur die raad van hierdie God selfs onskuldige kinders van gelowiges van die moederbors weggeruk en op wreedaardige wyse in die hel gegooi word sonder dat hulle doop of die gebede van die kerk by hulle doop vir hulle tot voordeel kan wees? Dit sou dan egter 'n gruwelike vertekening van die lewende Verbondsgod wees. Ons Dordtse Leerreëls waarsku in sy "Besluit" uiters ernstig teen sulke misverstande oor God.

Die lewende Verbondsgod is totaal anders as wat ons vanuit ons menslike voorstellings dikwels oor Hom dink. Wanneer Hy selfs 'n blatante vyand van Hom, soos Moab, straf, doen Hy dit nie soos 'n onbewoë, heidense afgod wat nie daardeur geraak word nie. Luister na God se hartseer (vers 31a): "Daarom huil Ek oor Moab, kla Ek oor die hele Moab ..." God huil oor die wingerd van Sibma. Hy sê (vers 33): "Ek het die wyn laat wegraak uit die parskuipe ..." God sê met droefheid dat alles wat 'n groep mense vergader het, daarmee heen is as gevolg van die "wynuitgooiers" wat Hy gestuur het. "Soos die klaagsang van 'n fluit," so kla dit in Hom oor die vreeslike lyding van daardie mense (vers 36). Uiteindelik breek daar deur die wolke van God se toorn selfs vir Moab iets soos God se glimlag deur (vers 47): "Maar wanneer die tyd daar is, sal Ek die lot van Moab verander, sê die Here." Vloei daar nie ook Moabitese bloed in ons Here Jesus Christus se are nie? Staan Rut se naam nie in sy geslagsregister nie?

Die Verbondsgod stráf nie meer sy kinders wat deur 'n ware geloof in Christus ingelyf is nie. "Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie" (Rom 8:1).

Hy beproef ons egter nóg en Hy tugtig ons as Vader. Hy vind dit nog dikwels nodig om die egtheid van ons geloof te toets (1 Pet 1:6,7). Besef ek en jy dat God dit met hartseer doen? Dit is “teen sy sin” dat God mense in ellende en beproewing bring (Klaagl 3:33). Hy is vol ontferming in Christus Jesus. Hy is ‘n Vader wat deur smartgevoel bewoë is – oneindig meer as enige aardse vader of moeder (Ps 103).

Dr PP Kruger (Meyerspark)